DYNAMIC ACTION TO REBUILD AND ENHANCE

Archive Testimonials

BE SHARP (Grade 4-7)

Alet vd Walt – ouer – Laerskool Hoopstad (Oktober 2015): "Die opleiding het vir my ongelooflik baie beteken. Ek en my man is absoluut teenoorgestelde breinprofiele en dit help dat ons mekaar beter verstaan en hoe om te kommunikeer. Emilise is 'n pragtige vrou van God. Ek sien so uit om my kinders wat nou eers 4 en 2 jaar oud is te leer en stimuleeer met die oefeninge".

Sunette Brink – ouer van Ruhan Brink – Laerskool Hoopstad (Oktober 2015): "Dit het my my kind beter laat verstaan. Ek weet nou hoe om hom te help. Emilise is oop, het haar produk geken en elkeen laat voel sy praat oor jou kind. Het reeds begin om dit wat ek geleer het toe te pas. Ek kan nou vir Ruhan help met alles wat ek geleer het".

Ronel Botha – ouer van Maadian Botha – Centurion Christelike Laerskool (September 2015): "Dit het insig gegee in my eie denke en optrede en meer nog in dié van Maadian. Emilise ken haar vakgebied baie goed en kan addisionele inligting gee. Sy is energiek, positief, 'n persoon om te vertrou. Ons sal wat ons geleer het kan toepas omdat vaardighede ingeoefen is en begrippe is herhaal. Die opleiding het my verwagting aangespreek in die opsig van die hantering van 'n kind wat so anders as ek dink".

Mariska Pieterse – ouer van Jaunré en Jan Pieterse – Laerskool Bakenkop (September 2015): "Dit het my 'n baie beter begrip in my kinders en my eie denkwyse gegee. Emilise is baie aangenaam! Sy is 'n baie positewe persoon wat die inligting op 'n praktiese en verstaanbare wyse oordra. Die opleiding het my verwagting oortref omdat die materiaal nie net breinprofiele maar ook opsommings, voeding ens. insluit".

Anneke Mills – ouer van Joubert Mills – Curro Hazeldean (Junie 2015): "Besonder insiggewend en het baie begrip gekweek. Die opleiding is baie volledig. Emilise was goed voorbereid en haar raad prakties. Die opleiding was meer omvattend as wat ek verwag het. Dit was "great". Vreeslik dankie".

Didi van Niekerk – ouer van Brink & Anja v Niekerk – Tuisonderrig (Junie 2015): "Ek voel soveel meer positief, en sien uit om my kinders te help om hulle volle potensiaal te bereik. Emilise is baie hulpvaardig, en het alles uitstekend verduidelik. Sal defnitief die inhoud kan toepas. Die opleiding het my verwagtinge oortref, aangesien ek soveel geleer het".

Hanlie Pretorius – ouer van Franco Pretorius – Laerskool Dr. Annecke (Maart 2015): "Baie beter begrip gekry van myself en my kinders. Breinkaart was baie interessant. Emilise is interessant, opbouend, innemend. Ken haar vakgebied. Dit gaan baie help met skoolwerk en die studieproses".

Lynette Minnaar – ouer van Michelle Minnaar – Laerskool Constantia Park (Maart 2015): "Baie positiewe inligting tov profiele en om mekaar beter te verstaan en te ondersteun. Emilise is 'n kenner

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043

in haar veld, baie bemoedigend en toepaslike opleiding. Sal opleiding beslis kan toepas veral tov beplanning, opsommings en om mekaar sinvol te ondersteun".

Marle Visagie – ouer van Kayla Visagie – Laerskool Boereford (Maart 2015): "Het baie geleer, ek verstaan verskillende mense se denkwyses baie beter, so ook hoe om te leer en hoe om my kind te help. Emilise is baie vriendelik, baie oop. Dit het my verwagtinge oortref, daar was baie dinge wat ek self ook geleer het wat ek nie geweet het nie".

Leandri van Staden – ouer van Reinhardt van Staden – Protea Park Laerskool – Rustenburg (Maart 2015): "Jy het regtig 'n indruk op my kind gemaak. Van al die terapeute wat ek al gaan sien het, het ek nog die meeste by jou geleer. Dankie vir jou insae in ons lewens. Die Here het jou in ons lewens gebring".

Liezl du Plessis – ouer van Neil du Plessis – Laerskool Lynnwood – Gr. 2: "Die opleiding het vir my praktiese leiding rondom my en my kind se denkwyses gegee en hoe ons elke dag goed kan doen om the help dink en ontwikkel. Emilise het baie ervaring en gee praktiese voorbeelde".

Jaco en Carien Jacobs – ouers van Rico Jacobs – Laerskool Helderkruin – Gr. 1: (Jaco) "Ek het baie oor myself en beide my kinders se verskille geleer. Emilise is baie goed voorbereid en bereid om enige vrae te beantwoord". (Carien) "Dit het my gehelp om Rico beter te verstaan en te kan hanteer. Ek verstaan myself ook beter en hoekom ek dinge doen soos ek dit doen. Emilise is entoesiasties, hulpvaardig, raadgewend en insiggewend".

Susan Lerm – email – Oudtshoorn: "Die opleiding het vir my ABSOLUUT BAIE BETEKEN! Nou weet ek hoe my kind (Rudi) se brein werk en KAN ek hom verstaan EN help. Ons is besig om alles wat ons geleer het toe te pas. Ek het gedink dit kan dalk net weer 'n aanbieding wees soos tevore en wanneer jy daar uitstap het jy al klaar vergeet wat gesê is en jy het niks daaruit geneem nie. DIS NIE DIE GEVAL NIE!! Dit wat mens in die opleiding leer werk!! BAIE DANKIE EMILISE!! Dit was 'n voorreg om jou op Oudtshoorn te hê! Groete, Susan"

Danél de Klerk – Phalaborwa Primary School: "Very insightful. A must for every parent in order to lead their children effectively. An answer to all my prayers! Emilise is very professional with a truckload of knowledge, she is an outstanding trainer!"

Liesel Mostert – Laerskool Olienpark – Brits: "Baie dankie dit was vreeslik lekker, baie leersaam, Philip is ook baie opgewonde en lus vir leer, sus wil net begin oefen en ek het moed vir gr 4 en verder. Baie dankie, jy het ook bevestig wat ek doen, en dit is om baie tyd in hulle te ploeg, goed te bespreek en te verduidelik, en daai bid en vashou is 'n pragtige wonderlike bousteen wat ek definitief sal doen. Jy is 'n wonderlike kind van Jesus en Hy straal uit jou uit, baie baie dankie, hou aan met jou uitstekende werk!"

Rynet Pienaar – Garsfontein Primary School: “Wow! I can walk out of this course KNOWING that I have the perfect brain profile for my calling. I will always remember Emilise. She inspired me with her unshakeable faith, confidence, wisdom and knowledge about the subject. My child is excited to apply what we have learned – and that say a lot!”

Gawie en Esthie Viljoen – Constantiapark Laerskool: “Dit het vir my baie beteken, maar vir my man nog meer want ons weet wat fout is, maar nie noodwendig hoe om dit te “fix” nie. Emilise het baie praktiese voorbeelde gegee. Ek verstaan nou hoekom my kind sekere goed doen.”

Mias en Theresa Janse van Rensburg – Constantiapark Laerskool : “As mens voel ek meer bemagtig en verstaan die waarom van my gedrag baie beter. As ouer voel ek toegerus om my kind wat my teenoorgestelde is beter te verstaan en beter te help. Emilise is innemend, toeganklik en ‘n kenner op die vakgebied wat baie vertroue inboesem. Die toepassing sal ‘n proses wees, maar dit sal tot ons almal se voordeel wees. Tyd moet daarvoor gemaak word. Die opleiding het die probleem waarmee ons gesukkel het duidelik gemaak en nou kan ons dit aanspreek omdat ons oor die kennis beskik.”

Candace Kotzé – Laerskool Zwartkop: “Ek verstaan uiteindelik waar my seun vandaan kom! (Baie anders as boetie en sussie). Emilise is baie positief en entoesiasties…lekker! Ek sal nou my kinders kan help waar ek nie voorheen kon dink hoe nie.”

T: 082 337 5823 | **F:** 012 991 8523
info@dare-training.co.za | www.dare-training.co.za
708 Old Farm Road, Faerie Glen, Pretoria | PO Box 1795, Faerie Glen, 0043